# JEUGLES: Gebedsaand – Onse Vader

## 1. Praise and Worship

## 2. Instruksies vir die aand:

- Vanaand se les is in die vorm van 'n gebedsaand as deel van ons Pinkster Week van gebed.
- VOORDAT ons begin moet julle asb elkeen al julle materiaal by my kry
- Ons gaan die "Onse Vader" gebruik vir die aand, en rondom elke deel 'n 'gebedstasie' daar waar julle sit doen.
- Volg net die instruksie van die les asook op julle items.

## 3. Inleiding:

Wat is die Onse Vader en waar kom dit vandaan? Die Onse Vader is 'n gebed wat Jesus vir Sy disipples in Matt 6: 9-13 geleer het, met die opdrag dat dit is hoe ons moet bid.

Kom ons kyk gou of julle die Onse Vader gebed ken – kom ons sê dit op…..

Vanaand gaan ons na elke deel van die Onse Vader kyk, wat dit beteken en dan daaroor bid.

## 4. Onse Vader wat in die hemel is, laat U naam geheilig word:

Wanneer ons die dag ons harte vir Jesus gee, dan word God ons Vader – ons hemelse Pa. Baie van julle het wonderlike Pa's, so die 'prentjie' wat julle van 'n Pa het is GREAT. Baie van julle se Pa's is NIE so great nie, so julle prentjie van 'n Pa is iemand wat nie daar is vir jou nie, en wat nie sy beloftes nakom nie.

Dis BAIE belangrik om te onthou dat God nie ons aardse Pa is nie, maar ons hemelse Pa! WIE Hy is, en WAT Hy doen, is baie anders as ons aardse Pa's.

Ons hemelse Vader is regverdig; getrou; betroubaar; geduldig; genadig…. En so kan ons nog BAIE opnoem!

Die groepe gaan nou een vir een buite toe beweeg. Sprei asb uit sodat jy nie naby 'n ander groep staan nie. Die LEIER gaan nou die bubbles vat en die blaas. Soos wat die leier die bubbles blaas wil ek hê julle moet kyk waarheen die bubbles gaan, boontoe, want dis waar God ons Vader is. En ek wil hê terwyl jy daar buite staan moet jy BESEF dat God die Vader ANDERS as jou aardse Pa is, BELEEF dit vanaand.

***<u>Bid</u>***: Terwyl die bubbles beweeg sê jy vir God dankie dat Hy die perfekte Pa is, en al laat ons aardse Pa's ons in die steek doen God dit nooit nie.

## 5. Laat U koninkryk kom; Laat U wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde:

God wil graag Koning oor ELKE deel van jou lewe wees. Hy wil hê dat dit wat HY vir jou lewe wil hê BAIE belangriker sal wees as dit wat jyself wil hê

**<u>Bid in julle groepe elkeen by homself:</u>**

- Nooi God uit om te heers oor elke deel van jou lewe. Jou verhouding met Hom, jou verhoudings met ander mense, jou tyd, jou liggaam m.a.w. ALLES.
- Vra God om jou te help dat alles wat jy doen van HOM sal getuig, en dat hoe JY leef, mense na Jesus sal bring.

**<u>Aktiwiteit:</u>**
Wanneer julle klaar gebid het, dan gee die leier vir elke kind 'n t-light kersie om aan te steek as teken dat jy jou lig vir Jesus wil laat skyn deur die manier hoe jy leef. (***gooi die sand in die skinkbord uit en sit die kersies in die sand as veiligheidsmaatreël. Wanneer almal dit klaar gedoen het dan blaas die leier die kersies dood, en laat dit afkoel in die sand. Hou die sand in die skinkbord julle gaan dit weer by nr 7 nodig kry).***

## 6. Gee ons vandag ons daaglikse brood:

God het in die woestyn elke dag vir die Israeliete manna gegee om te eet, en hulle het elke dag genoeg gehad om te eet. So sê God vir ons in hierdie gebed om Hom elke dag te vra vir dit wat ons van Hom nodig het.

**<u>Bid in julle groepe elkeen by homself:</u>**

- Vra God vir dit wat jy van Hom nodig het, soos Hy die beste weet hoe.
- Bid vir iemand wat jy ken wat God se hulp nodig het, en dat Hy vir hulle sal sorg soos Hy die beste weet hoe.
- Vra God om jou te help om jou geloof met die mense om jou te deel en dat jy Hom met jou hele hart sal dien.

**<u>Aktiwiteit:</u>**
Wanneer julle klaar gebid het, dan gee die leier vir elke kind 'n stukkie brood, soos jy dit eet sê jy vir God dankie vir alles wat jy het en hoe Hy elke dag vir jou sorg.

## 7. En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe:

Ons sonde is vir God soos 'n swartsak vol stinkende 'rubbish', en dit maak skeiding tussen ons en God. God het egter 'n plan gemaak deur Jesus, wat self nooit sonde gedoen het nie, te stuur om ons sondes op Hom te neem. Omdat God genade aan ONS bewys het, moet ons ook genade aan ander bewys.

**<u>Bid in julle groepe elkeen by homself:</u>**

- Vra God om sonde in jou lewe vir jou te wys wat jy aan Hom moet belei
- Soos God dit vir jou wys, skryf dit op 'n stukkie papier, bid daaroor, en wanneer jy klaar is skeur jy dit op en gooi dit in die swartsak as teken dat God jou vergewe.
- Omdat God JOU vergewe het moet jy die vergewe wat jou seergemaak het en vergifnis nodig het.

**<u>Aktiwiteit</u>**:
As jy gereed is om die persoon wat jou seergemaak het te vergewe, dan skryf jy die persoon se naam in die sand wat in die skinkbord is. Soos jy bid vee jy die naam dood as teken vir JOU dat jy hulle vergewe het.

## 8. En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose:

Die satan is baie besig, en hy is gedurig opsoek na maniere om jou terug te kry by hom. Hy sit verkeerde goed op jou pad, en laat jou aan verkeerde goed dink sodat hy jou kan 'terugkry'.

**<u>Aktiwiteit</u>**: Elkeen gaan nou geblinddoek word – ook die leiers.

**<u>Bid</u>**: Terwyl jy geblinddoek is gaan jy by jouself bid en vir God vra watter goed is daar in jou lewe waarmee die satan jou probeer 'terugkry'. Dan gaan jy daaroor bid en vir God vra om jou daarmee te help sodat jy dit kan raaksien wanneer die satan dit oor jou pad bring.Daarna gaan jy vir God vra om jou 'blind' te maak vir versoekings, sodat jy dit nie sal raaksien nie en nie daarvoor sal val nie. En dat Hy jou sal verlos van die bose se planne om jou 'terug te kry'.

## 9. Want aan U behoort die koninkryk, en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid, Amen.

God is die Groot, Almagtig Koning van die hemel en die aarde, Hy het alles gemaak en alles behoort aan Hom.

**<u>Bid</u>**: Julle gaan nou in julle groepies vir God dankie sê dat Hy die Groot God is, en dat Hy ook Jou groot God en Vader kan wees.

**<u>Aktiwiteit:</u>** Ons gaan 10 000 reasons en Lord I need You sing om God se naam groot te maak, en vir Hom te sê dat ons Hom in ons lewens nodig het.

## 10. Ek sluit af met gebed in die grootgroep en daarna deel ons die selfone uit